'n Sagte plekkie vir 'n geharde bees

Sy hele lewe lank het mnr. Ockert Werner 'n groot liefde vir beeste al boer hy hoofsaaklik met groente in die Brits-omgewing. Die Boran het hierdie liefde weer laat blom.

LINKS: Mr. Million is een van mnr. Ockert Werner se Boranbulle. Ockert is lief vir alle beeste, maar die gemak waarmee 'n mens met Borane kan boer, maak dié ras sy gunsteling.
FOTO'S: VERSKAF

ONDER: Die gesin Werner. Van links, agter: Stompie Olivier, Elri Olivier en Andri Werner; voor: Hanlie Werner, Ockert Werner en Ockie Werner.

Voor 2007 het mnr. Ockert Werner op klein skaal met kommersiële beeste geboer. Daardie jaar het hy sy eerste Boranbul vir gebruik vir sy kommersiële kudde gekoop. Daar was só 'n duidelike verbetering in sy kudde dat hy besluit het om 'n Boran-stoetery te vestig. Vervolgens het hy in 2010 sowat 100 stoet-Borane by 'n ou teler, mnr. Simon Hodgson, gekoop.

"Ek het begin om embrio's te spoel uit my beste vroulike diere, wat ek in my kommersiële koeie geplant het," sê hy. Vandag spog Ockert met 'n Boran-kudde van sowat 800 diere.

Nadat sy skoonseun, mnr. Stompie Olivier, hoofsaaklik die beesboerdery oorgeneem het, het hy sy Borane oorgeskuif na sy plaas naby Ventersdorp op die N14. Op daardie plaas behartig hulle ook 'n saaiboerdery.

Ockert doen steeds die embriospoelings op Brits. Wanneer kalwers begin speen, word hulle na die beesplaas naby Ventersdorp oorgeskuif. "Slegs die beste teelmateriaal word gebruik," sê Ockert.

MIN ONDERHOUD

"Danksy die bees se uitsonderlike temperament is dit 'n maklike bees om mee te boer omdat hy min onderhoud verg," sê Stompie.

"Die Boran het die uitsonderlike vermoë om homself op weiding af te rond. Omdat die Boran so vinnig reageer wanneer hy gevoer word, kan hy tot 30 dae vroeër geslag word as die norm." Dit bring 'n groot kostebesparing mee wat voerkoste betref.

Stompie wat self in Kenia was waar die Boran oorspronklik vandaan kom, sê dáár is nie mielies en byvoeding nie en hulle word vet op die veld. Die gehardheid van die Boran maak dat hy nie veel onderhoud vereis nie.

Stompie sê in Kenia is die Boran geteel om kalwers teen roofdiere te beskerm. Dit is 'n groot voordeel as in aanmerking geneem word hoeveel aanteel verlore gaan as gevolg van roofdiere.

"Van my skoonpa se Boran-beeste loop by Koedoeskop in die Bosveld waar die beeste elke aand gekraal moet word as gevolg van diefstalle. Waar die beeswagter gewoonlik tot twee uur moes spook om al die diere op kraal te kry omdat almal in verskillende rigtings wei, is dit nou soveel makliker, want wanneer jy een gekry het, het jy almal gekry. In Kenia vang leeus diere wat van die trop afwyk."

BESTAND TEEN SIEKTES

" 'n Goeie eienskap van die Boran is sy weerstand teen hartwater," sê Ockert. "Jy kan dit al duidelik sien in die F_1-generasie. Ek het nog geen Boran of Boran-kruising verloor weens hartwater nie. Die dikte en beweegbaarheid van die dier se vel is wat dit moontlik maak."

Wanneer jy met Borane boer, kan jy jou uitgawes aan parasietbestryding omtrent halveer. Stompie sê dat hulle tydens speen 'n inentingsprogram toepas. Dan word al die verse teen brucellose en klostridiale siektes ingeënt. Verder word hulle slegs twee keer per jaar behandel vir inwendige parasiete en voor die dektyd kry hulle die nodige vitamiene en minerale.

Die Boran kan uitstekend aanpas in enige deel van Suid-Afrika. Die koeie het ook uitstekende moedereienskappe met klein bottelspene wat dit maklik maak vir die kalf om te suip. Ockert spits hom dus meer toe op vrugbaarheid, melkproduksie en groei.

Die gemiddelde kalf se geboortegewig is baie laag. Daarom is geboorteprobleme ook niks om oor bekommer te wees nie. Om daardie rede word die Boran ook gebruik om verse van alle rasse mee oop te maak.

KLEUR VAN DIE RAS

Ockert meen die Boran is die enigste rasegte beesras wat in alle kleure voorkom. As gevolg van die Boran se uitstekende basterkrag kan hy alle rasse voorsien van bulle in hul keuse van kleur. "Gewoonlik soek Ngunitelers bont bulle, Brahmantelers soek wit bulle en die boere wat met rooi beeste boer, soek rooi bulle. Die Boran kan vir almal iets bied," sê Ockert.

Soos 'n motorliefhebber genot daaruit put om met sportmotors te ry of voëlliefhebbers die hele dag na voëls kyk, só put Ockert genot daaruit om ná elke dag se harde werk op 'n kraalmuur te sit en na sy beeste te kyk.

"Belangstellendes is altyd welkom op die plaas en word genooi na Model Borane se eerste produksieveiling wat in Februarie gehou gaan word. Alle 2009-diere en dragtige verse van Model Borane se topbulle gaan opgeveil word," sê Ockert. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Ockert Werner, Model Borane, tel. **083 629 8236.** Die Boran-telersgenootskap, tel. **051 410 0966** of **051 410 0951;** webwerf: **www.boran.org.za.**